- 4 Strydigheid met ander wette

**HOOFSTUK 3.  
BESKERMING VAN KUSSONE**

- 5 Sorgsaamheidsplig
- 6 Visvang
- 7 Beskerming van kusomgewing
- 8 Oorskryding

- 9 Ongemagtigde kusverdedigingswerke
- 10 Regstelling van oorskryding en ongemagtigde kusverdedigingswerke

**HOOFSTUK 4.  
REGULERING VAN AKTIWITEIT**

- 11 Aanwysing van gebiede
- 12 Baaiery binne sekere gebiede
- 13 Branderry of branderplankry binne sekere gebiede
- 14 Veilige en eensgesinde gebruik van die kussone
- 15 Drank, dwelmmiddels, voedsel, vertonings en smousery
- 16 Ongewenste gedrag
- 17 Diere

**HOOFSTUK 5.  
KUSVERBINDINGS EN KUSFASILITEITE**

- 18 Kustoegangsgrond
- 19 Betreding en gebruik van 'n kusfasiliteit
- 20 Kussluiting

**HOOFSTUK 6.  
OPENBARE TEWATERLATINGSTERREIN**

- 21 Openbare tewaterlatingsterrein

**HOOFSTUK 7.  
TOEPASSING**

- 22 Opdrag om te verlaat
- 23 Nakomingskennisgewing
- 24 Voorwaardes vir goedkeuring
- 25 Terugtrekking of wysiging van 'n magtiging of goedkeuringsvoorwaarde
- 26 Bevoegdheids- en funksies van gemagtigde amptenare
- 27 Beslaglegging op 'n vaartuig of 'n voertuig
- 28 Oortredings en strafmaatreëls

**HOOFSTUK 8.  
ALGEMEEN**

- 29 Appèlle
- 30 Delegasie
- 31 Vrystelling
- 32 Vrywaring
- 33 Oorgangsbepalings
- 34 Herroeping
- 35 Kort titel en inwerkingtreding

**HOOFSTUK 1.  
WOORDOMSKRYWINGS  
(art. 1-2)**

- 1 **Woordomskrywings**

(1) In hierdie Verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken –  
“**aangewese strandbaaigebied**” enige gedeelte van die seestrand wat as ’n baaigebied afgebaken is en op watter manier ook al teen haaie beskerm kan word en onder die toesig van lewensredders kan wees, en ook die see vir ’n afstand van 100 meter seewaarts;

“**afval**” afval soos omskryf in die Stad Kaapstad: Verordening op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**baaiery**” om te swem of om die water of enige getypoel soos voorsien deur die Stad binne te gaan;

“**besoedeling**” enige mensveroorzaakte verandering in die omgewing soos veroorsaak deur –

- (a) stowwe;
- (b) radioaktiewe of ander golwe, vibrasies of skokke;
- (c) geraas, reuke, stof of hitte

vrygestel deur enige aktiwiteit, ook die berging of behandeling van afval of stowwe, konstruksie en die verskaffing van dienste, hetsy enige persoon daarby betrokke is, waar sodanige verandering ’n nadelige uitwerking het op menslike gesondheid of welstand, ook waar ’n geraassteurnis veroorsaak word, of op die samestelling, veerkragtigheid en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme, of op materiale wat vir mense van nut is, of in die toekoms sodanige uitwerking sal hê;

“**bord**” ’n skriftelike kennisgewing soos opgerig deur die Stad;

“**branderry**” of “**branderplankry**” enige aktiwiteit op of in die water met of op ’n brandervaartuig of persoonlike watervaartuig gemaak van ’n harde materiaal wat die potensiaal het om baaiers te beseer of skade te berokken;

“**gedelegeerde amptenaar**” die amptenaar aan wie die bevoegdheid gedelegeer is ingevolge die Stad Kaapstad se delegasiesistelsel;

“**gemagtigde amptenaar**” ’n werknemer van die Stad wat verantwoordelik is vir die uitvoering van ’n plig of funksie of die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge hierdie Verordening en ook enige werknemer wat gedelegeer is om die plig, funksie of bevoegdheid uit te voer of uit te oefen;

“**hoogwatermerk**” hoogwatermerk soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**infrastruktuur**” ’n voorwerp of struktuur, hetsy permanent of tydelik;

“**kusgebied**” die seestrand en die see vir ’n afstand van 200 meter seewaarts en 100 meter landwaarts, maar met uitsluiting van enige grond in privaat besit en met inbegrip van admiraliteitsreservate en openbare paaie soos omskryf in die Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“**kusomgewing**” die omgewing binne die kussone;

“**kussone**” kussone soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**kustoegangsgrond**” kustoegangsgrond soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**kusverdedigingswerke**” ’n maatreël wat getref word of ’n kunsmatige struktuur wat ten doel het om erosie of aanslikking van die seestrand te voorkom of te steun, of vir die beskerming van eiendom teen ’n kusproses, ook waaisand en stormstuwing, ongeag –

- (a) die materiaal wat gebruik is, indien enige;
- (b) of dit permanent of tydelik van aard is;
- (c) of dit op openbare of privaat eiendom is; en
- (d) of dit op ’n persoon se eie eiendom of ’n ander persoon se eiendom is;

“**laagwatermerk**” laagwatermerk soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**Munisipale Kusbestuursprogram**” die munisipale kusbestuursprogram soos aangeneem deur die Stad ingevolge artikel 48 van die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**nadelige uitwerking**” nadelige uitwerking soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**omgewing**” omgewing soos omskryf in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur;

“**ongemagtigde kusverdedigingswerke**” kusverdedigingswerke wat die Stad nie ingevolge artikel 9(1) gemagtig het nie;

“**onwettige visvang**” om vis te vang sonder elke permit soos vereis volgens die wet of deur gebruik te maak van ’n visvangmetode of visvangtoerusting wat volgens die wet verbied word;

“**oorskryding**” ’n toestand in die kussone voortspruitend uit menslike aktiwiteit met die doel, gevolg of voorkoms van die uitbreiding van die grootte van ’n privaat eiendom of die toe-eiening van enige deel van die kussone;

“**permit**” ook ’n lisensie, sertifikaat, reg of enige ander skriftelike toestemming soos toegestaan deur die Stad of enige ander bevoegde owerheid;

“**persoon**” ’n natuurlike of regs persoon en ook die staat en ’n staatsorgaan in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer;

“**riviermonding**” riviermonding soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**seestrand**” of “**strand**” die gebied tussen die laagwatermerk en die hoogwatermerk, of soos van tyd tot tyd ten opsigte van die kussonegrense bepaal of gewysig kan word deur ’n bevoegde nasionale of provinsiale owerheid ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet 24 van 2008);

“**Stad**” die munisipaliteit van die Stad Kaapstad ingestel deur Regeringskennisgewing Nr. 479 van 2000 soos uitgereik ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), of enige struktuur of werknemer van die Stad wat ingevolge gedelegeerde bevoegdheid optree;

“**stormwater**” stormwater soos omskryf in die Stad Kaapstad: Verordening op Stormwaterbestuur;

“**strandgebied**” die strand en enige deel van die kusgebied en sy onmiddellike omgewing, ook enige openbare oop ruimte, park, pad, laan, parkeerterrein, voetpaadjie, of enige munisipale eiendom of openbare gerief geleë in sodanige gebied;

“**vaartuig**” vaartuig soos omskryf in die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;

“**vis**” vis soos omskryf in die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne;

“**visvang**” visvang soos omskryf in die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne;

“**Wet op Geïntegreerde Kusbestuur**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet 24 van 2008).

(2) Woorde afgelei van die woord of terme soos omskryf, het ooreenstemmende betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk.

(3) ’n Verwysing na ’n ander wet sluit ’n wysiging en ’n toekomstige wysiging van sodanige wet in.

## **2 Oogmerke van Verordening**

(1) Die oogmerke van die Verordening is om –

- (a) die verantwoordelikhede en pligte na te kom soos toegeken aan die Stad deur die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur;
- (b) volhoubare gebruik en ontwikkeling van die kusgebied te verseker deur die munisipale beplanning in ooreenstemming met die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur te bring;
- (c) die beskerming van die naturomgewing van die kussone te bevorder;
- (d) samewerkende regeringsbestuur tussen die Stad en ander betrokke regeringsfere in verband met die bestuur van die kussone te bevorder;
- (e) regverdige, billike, veilige en volhoubare toegang tot die kussone deur lede van die publiek te bevorder;
- (f) maatreëls te bied om die impak van kuserosie en gevalle van stormstuwing te temper en te bestuur;
- (g) voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.

## **HOOFSTUK 2.**

### **TOEPASSING VAN HIERDIE VERORDENING EN STRYDIGHEID MET WETTE**

*(art. 3-4)*

## **3 Toepassing**

(1) Hierdie Verordening –

- (a) is van toepassing op die kussone;
- (b) bind elke persoon;
- (c) bind die staat;
- (d) reël gedrag wat óf ten volle óf gedeeltelik plaasvind in, of ’n uitwerking het op, die kussone.

(2) Hierdie Verordening is nie van toepassing op die volgende aktiwiteite wanneer dit deur die Stad in die kussone verrig word nie –

- (a) voorsiening van ’n veiligheidsmaatreël wat ten doel het om die beseringsrisiko vir mense te verminder;
- (b) implementering van ’n maatreël wat ten doel het om beskerming te bied teen kuserosie, gevalle van stormstuwing, verskuiwing van riviermondings en styging in seevlakke;
- (c) installering van haaiuitsluitingsnette vir veilige baaiery;

- (d) manipulering, instandhouding of skoonmaak van 'n riviermonding, riviermond, rivier of stormwateruitloop;
- (e) verskaffing van 'n nutsdiens, met inbegrip van water, ontsoutingsfasiliteite, elektrisiteit, afvalverwydering en -wegdoening, stormwaterbestuur en die afbakening en inperking van besoedeling;
- (f) uitroeiing van indringerplante;
- (g) beheerde brand van plantegroei;
- (h) skoonmaak van 'n strandgebied;
- (i) bestuur en wegdoening van sand wat op infrastruktuur opgehoop het, of verlaging van strandvlakke met die doel om te voorkom dat waaisand die kusinfrastruktuur begrawe;
- (j) konstruksie en verwydering van 'n tydelike struktuur ooreenkomstig die Stad se Verordening op Verfilming of Verordening op Geleenthede; en
- (k) rehabilitasie en bestuur van die kussone ooreenkomstig die Munisipale Kusbestuursprogram en/of die Instandhoudingsbestuursplan: Duine en Strande.

(3) 'n Goedkeuring, instruksie of vrystelling toegestaan ingevolge hierdie Verordening en die bepalings van subartikel (2) onthef nie enige persoon van sy of haar plig om ook enige ander magtiging of permit soos vereis deur hierdie Verordening of 'n ander wet te bekom, en alle wette na te kom nie.

#### **4 Strydigheid met ander wette**

(1) Indien daar strydigheid bestaan tussen hierdie Verordening en 'n ander verordening, geld hierdie Verordening bo die betrokke bepaling van die ander verordening ten opsigte van enige aangeleentheid rakende die regulering van die kussone.

(2) Indien daar strydige interpretasies tussen die Engelse weergawe van hierdie Verordening en 'n vertaalde weergawe bestaan, geld die Engelse weergawe.

### **HOOFSTUK 3. BESKERMING VAN KUSSONE** *(art. 5-10)*

#### **5 Sorgsaamheidsplig**

(1) Geen persoon mag 'n nadelige uitwerking op die kussone veroorsaak, voortsit of daartoe bydra nie.

(2) 'n Persoon wat –

- (a) 'n nadelige uitwerking in die kussone veroorsaak;
- (b) tot 'n nadelige uitwerking in die kussone bydra;
- (c) toelaat dat 'n nadelige uitwerking in die kussone voortgesit word; of
- (d) grond of 'n perseel besit, beheer, of die reg het om dit te gebruik, waarop 'n aktiwiteit plaasvind, wat –
  - (i) veroorsaak dat 'n nadelige uitwerking in die kussone voortgesit word;
  - (ii) bydra tot 'n nadelige uitwerking in die kussone; of
  - (iii) toelaat dat 'n nadelige uitwerking in die kussone voortgesit word,

moet redelike maatreëls tref om te verhoed dat die nadelige uitwerking voorkom, of voortgaan om weer voor te kom, en moet die nadelige uitwerking regstel.

#### **6 Visvang**

(1) Geen persoon mag betrokke wees by onwettige visvang of in besit wees van vis wat onwettig gevang is nie.

(2) Geen persoon mag, tydens visvang, of op die strand visvangtoerusting gebruik of die gebruik daarvan toelaat, met inbegrip van enige stok, net, vangtoestel of ander toestel, op sodanige manier dat dit enige ander persoon in gevaar stel of op so 'n manier dat dit 'n obstruksie veroorsaak of inbreuk maak op die persoonlike privaatheid van enige ander persoon nie.

(3) Elke persoon moet alle aas, vullis en enige visvangtoerusting, ander toerusting en items opruim voor die plek verlaat word waar daardie persoon vir die doel van visvang was, asook enige sodanige aas, vullis en enige visvangtoerusting en ander items saam met hom of haar neem, of dit in 'n vullishouer plaas soos deur die Stad voorsien is.

## 7 Beskerming van kusomgewing

- (1) In hierdie artikel, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken “**natuurlike dinamiese kusproses**” ’n natuurlike proses wat binne die kusomgewing plaasvind en wat die kusomgewing, aangrensende natuurgebiede en langslandige seebedding vorm, met inbegrip van wind-, golf-, stroom- en getyaksie, riviervloei, langsstrandse en dwarsstrandse sedimentdrywing, kuserosie, aanslikking en duinverskuiwing.
- (2) Geen persoon mag in die kussone –
- (a) ’n natuurlike dinamiese kusproses hinder, belemmer of beperk tensy skriftelike magtiging deur die Stad toegestaan word nie;
  - (b) plantegroei snoei, oes of verwyder tensy dit redelikerwys nodig is nie;
  - (c) sand, klipies, rotse, skulpe, skulpgruis of seegras agterlaat, verskuif, versamel of verwyder soos volgens nasionale perke en beperkings nie: met dien verstande dat redelike aktiwiteit met betrekking tot die gelyste aksies tesame met die grawe van gate deur kinders of strandgangers in die gewone gebruik of genieting van die strandgebied nie verbied word nie; of
  - (d) geomorfiese prosesse hinder tensy skriftelike magtiging deur die Stad toegestaan word nie.
- (3) Tensy die Stad skriftelike magtiging toestaan, mag geen persoon binne die kussone ’n lewende of dooie wilde dier of plant hinder, skade berokken, versamel, oes, belemmer, kwaad aandoen, teister, jag of beperk, of die habitat daarvan verdring, versteur, verwoes of verwyder nie met dien verstande dat redelike aktiwiteit met betrekking tot die gelyste aksies tesame met die vang van vis in getypoele deur kinders in die gewone gebruik of genieting van die strandgebied nie verbied word nie.
- (4) Geen persoon mag in die kussone –
- (a) rommelstrooi nie;
  - (b) sonder skriftelike magtiging van die Stad of enige ander bevoegde owerheid –
    - (i) ’n waterliggaam, waterbron of watervoorraad of enige gedeelte daarvan versteur, wysig of kontamineer nie;
    - (ii) gekontamineerde water vanaf privaat grond na die kussone dreineer of herlei nie; of
    - (iii) ’n fossiel, historiese artefak of soortgelyke objek beskadig, uitgrawe, versteur, skend, verwoes of verwyder nie.
- (5) Geen persoon mag, sonder vooraf skriftelike magtiging van die Stad en, waar van toepassing, ’n nasionale permit vereis word, in die kussone –
- (a) besoedeling in vaste, vloeistof- of gasagtige vorm uitstort nie;
  - (b) afval stort, agterlaat of stoor nie.
- (6) Geen persoon mag ’n voertuig gebruik sonder ’n permit soos uitgereik ingevolge, of strydig met die bepalinge van, die regulasies oor die beheer van die gebruik van voertuie in kusgebiede, 2014, soos gepubliseer ingevolge die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur, of ’n voertuig in enige plek parkeer waar die gebruik van ’n voertuig verbied word ingevolge sodanige regulasies nie.

## 8 Oorskryding

- (1) Geen persoon mag in die kussone –
- (a) ’n oorskryding veroorsaak nie;
  - (b) ’n oorskryding toelaat nie;
  - (c) tot ’n oorskryding bydra nie; of
  - (d) toelaat dat ’n oorskryding voortgesit word nie.
- (2) Vir die toepassing van subartikel (1) word ’n oorskryding deur enige van die volgende aksies of aktiwiteite veroorsaak, ongeag of die oorskryding tydelik of permanent van aard is –
- (a) oprigting van ’n struktuur of gebou, met inbegrip van hawehoofde, sleephellings, piere en ponte;
  - (b) plasing van ’n item;
  - (c) oprigting van ’n heining, muur, versperring, swembad, reservoir of brug of ander struktuur wat daaraan geheg is;
  - (d) oprigting van ’n fasiliteit of stelsel vir die verskaffing van watervoorsiening, besproeiing, dreinerings, riool- of stormwaterwegdoening, elektrisiteitsvoorsiening of ander soortgelyke diens;

- (e) enige aktiwiteit wat 'n verandering aan 'n riviermonding of waterloop veroorsaak;
- (f) terreinverfraaiing, tuinmaak, die plant, instandhouding of verwydering van plantegroei;
- (g) plasing, verskuiwing of verwydering van 'n duin; en
- (h) storting, vulling of opgraving van enige materiaal of wegdoening van grond, rommel of tuinvullis.

(3) Geen eienaar van, persoon in beheer van, of persoon wat 'n reg het om grond te gebruik wat oënskynlik vergroot word deur of baat vind by 'n oorskryding mag toelaat dat die oorskryding voortgaan om te bestaan nie, selfs al het sodanige eienaar of persoon nie die oorskryding veroorsaak, toegelaat of daartoe bygedra nie. 'n Persoon wat beweer dat die eienaar van grond waarop oorskry word skriftelike, wettige toestemming vir die oorskryding toegestaan het, het die verantwoordelikheid om dit te bewys.

## **9 Ongemagtigde kusverdedigingswerke**

(1) Tensy dit skriftelik deur die Stad gemagtig is, mag geen persoon kusverdedigingswerke veroorsaak, toelaat of daartoe bydra of toelaat dat kusverdedigingswerke voortgesit word nie.

(2) Geen eienaar van, persoon in beheer van, of persoon wat 'n reg het om grond te gebruik wat ten doel het om baat te vind by ongemagtigde kusverdedigingswerke mag toelaat dat die kusverdedigingswerke voortgaan om te bestaan nie, selfs al het sodanige eienaar of persoon nie die kusverdedigingswerke veroorsaak, toegelaat of daartoe bygedra nie.

## **10 Regstelling van oorskryding en ongemagtigde kusverdedigingswerke**

(1) In hierdie artikel, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken “**verantwoordelike persoon**” –

- (a) 'n persoon wat 'n oorskryding of ongemagtigde kusverdedigingswerke veroorsaak het, veroorsaak, toelaat of daartoe bydra of toelaat dat 'n oorskryding of ongemagtigde kusverdedigingswerke voortgesit word; of
- (b) ten opsigte van grond wat oënskynlik vergroot word deur of baat vind by 'n oorskryding of ten doel het om baat te vind by ongemagtigde kusverdedigingswerke, 'n persoon wat –
  - (i) die grond besit, beheer, of 'n reg het om dit te gebruik; of
  - (ii) die grond voorheen besit het, beheer het, of 'n reg gehad het om dit te gebruik te eniger tyd dat die oorskryding of ongemagtigde kusverdedigingswerke bestaan het.

(2) 'n Verantwoordelike persoon moet op eie koste maatreëls tref om –

- (a) die oorskryding of ongemagtigde kusverdedigingswerke te elimineer of te verwyder; en
- (b) die betrokke grond tot die bevrediging van die Stad te rehabiliteer.

(3) Voor die handeling soos beoog in subartikel (2) onderneem word, moet die verantwoordelike persoon –

- (a) die Stad oortuig van die toepaslikheid en toereikendheid van die voorgestelde handeling;
- (b) skriftelike magtiging van die Stad bekom vir die voorgestelde handeling; en
- (c) enige ander permit bekom soos vereis ingevolge enige ander wet.

## **HOOFSTUK 4. REGULERING VAN AKTIWITEIT (art. 11-17)**

### **11 Aanwysing van gebiede**

(1) In hierdie artikel, tensy dit uit die samehang anders blyk, sluit “**aktiwiteit**” 'n handeling, 'n versuim, 'n staat, 'n ontspanningsaktiwiteit en 'n nieontspanningsaktiwiteit in.

- (2) (a) Die Stad kan, by verskeie plekke binne die kussone, borde opsit wat piktogramme vertoon en aktiwiteite uiteensit wat –
- (i) toegelaat word; of
  - (ii) verbied word.

(b) Geen persoon mag enige aktiwiteit onderneem wat strydig is met wat toegelaat word of verbied word ingevolge subartikel (2)(a) nie.

(3) Die Stad kan enige bord soos operig ingevolge subartikel (2)(a) verwyder of wysig.



(4) Indien die verwydering of wysiging van 'n bord die publiek wesenlik en nadelig affekteer, moet die Stad oorleg pleeg met die publiek voor die verwydering of wysiging gedoen word tensy dit in die belang van openbare veiligheid is.

(5) Indien dringende optrede nodig is of dit onprakties sou wees om vooraf oorlegpleging te onderneem, kan die Stad 'n bord opsit, verwyder of wysig, en so gou moontlik met die publiek oorleg pleeg.

(6) Borde soos opgerig deur die Stad wat piktogramme vertoon, moet op die Stad se webwerf gepubliseer word en kan –

- (a) wissel volgens die uur en dag van die week;
- (b) tydelik of permanent wees; en
- (c) aan voorwaardes onderworpe wees.

(7) Die Stad kan baaiery, teenwoordigheid of enige ander aktiwiteit in 'n gedeelte van die kussone tydelik verbied vir so lank as dit nodig geag word sonder om oorleg te pleeg of borde te publiseer wat piktogramme vertoon, waar 'n situasie of die seetoestande onveilig is en dringende ingryping vereis, en kan dit op enige manier kommunikeer wat in die omstandighede geskik is.

## **12 Baaiery binne sekere gebiede**

(1) Behoudens artikel 11(4) kan die Stad borde opsit ooreenkomstig artikel 11(2) om baaiery in enige gedeelte van die strandgebied permanent of tydelik te verbied.

(2) 'n Gedelegerde amptenaar kan baaiery in enige gedeelte van die strandgebied te eniger tyd verbied vir so lank as die seetoestande na sy of haar goedgevoel onveilig blyk.

(3) Geen persoon mag in enige gedeelte van die strandgebied baai waar baaiery ingevolge hierdie artikel verbied word nie.

(4) Geen persoon mag, tydens die gebruik van 'n reddingsapparaat of -toestel, 'n handeling onderneem wat die doeltreffende werking daarvan benadeel of belemmer of op enige manier dit waarskynlik sal benadeel of belemmer nie.

## **13 Branderry of branderplankry binne sekere gebiede**

(1) Geen persoon mag betrokke wees by branderry of branderplankry binne 'n aangewese strandbaaigebied nie.

## **14 Veilige en eensgesinde gebruik van die kussone**

(1) Tensy die Stad skriftelike magtiging toestaan, mag geen persoon die volgende aktiwiteite in die kussone onderneem waar borde opgesit is wat sodanige aktiwiteite ingevolge artikel 11 of 'n ander verordening van die Stad verbied nie –

- (a) om 'n vuur te maak of te laat aanhou brand;
- (b) om 'n fakkel af te skiet behalwe in geval van 'n noodgeval op see;
- (c) om 'n vuurwerk of klapper af te skiet of 'n Chinese lantern los te laat;
- (d) om te veroorsaak dat 'n gemotoriseerde vaartuig binne 100 m van 'n persoon wat baai of binne 100 m van die laagwatermerk in 'n baaigebied kom, behalwe om in 'n noodgeval of gedurende wetstoepassing bystand te verleen;
- (e) om vis te vang –
  - (i) in 'n getypoel;
  - (ii) binne 100 m van 'n aangewese baaigebied; of
- (f) om 'n struktuur van watter aard ook al op te rig, behalwe vir 'n strandsambreel of 'n gazebo wat veilig is, en nie groter as 9 m<sup>2</sup> is nie;
- (g) om 'n toegemaakte skuiling op te rig;
- (h) om oornag te kamp of die nag oor te bly;
- (i) om 'n luidspreker, klankversterker of soortgelyke toerusting te gebruik.

(2) Geen persoon mag binne 50 meter van of naby 'n hawehoof of aangewese openbare tewaterlatingsterrein baai, duik, snorkel of speel nie.

## **15 Drank, dwelmmiddels, voedsel, vertonings en smousery**

Geen persoon, in die strandgebied of kusgebied, mag –

(1) enige onwettige goedere of dienste te koop aanbied, bemark of smous in stryd met die Stad se verordenings insake informele handel of enige ander toepaslike wetgewing nie;

- (2) in besit wees van, of enige alkohol verbruik nie behalwe op gelisensieerde persele of waar 'n tydelike dranklisensie toegestaan is;
- (3) in besit wees van, of dwelmmiddels gebruik of verbruik of enige ander middel wat afhanklikheid skep nie;
- (4) onder die invloed wees van alkohol, dwelmmiddels of enige ander middel wat afhanklikheid skep nie;
- (5) enige vermaak, uitstalling, vertoning, optog, openbare vergadering, ontspanning, of geleentheid aanbied, byeenroep of organiseer sonder die toestemming van die Stad of in stryd met enige voorwaarde gekoppel aan enige sodanige magtiging nie.

## **16 Ongewenste gedrag**

- (1) Geen persoon mag in die kussone –
  - (a) 'n veiligheidstou of ander -toestel wat verskaf is vir die beskerming van baaiers of die bystand van 'n baaier in nood, hanteer, belemmer, versteur of verwyder nie, behalwe vir die doel om aan so 'n baaier bystand te verleen;
  - (b) enige toerusting, gerief of struktuur beskadig, daarmee peuter, of dit verwoes of skend nie;
  - (c) op 'n manier optree wat 'n risiko vir lewe, menslike welstand of eiendom inhou nie;
  - (d) 'n glashouer in 'n getypoel hê of inbring nie;
  - (e) op 'n onvanpaste, onbetaamlike, wanordelike, gewelddadige of antisosiale manier optree of 'n steurnis veroorsaak nie;
  - (f) 'n onsedelike daad pleeg nie.

## **17 Diere**

- (1) Geen persoon mag in die kussone 'n dier wat aan hom/haar behoort, of waarvan hy/sy in beheer is, laat of toelaat om –
  - (a) in 'n gebied te wees waar, of ten tyde waarvan, diere verbode is nie;
  - (b) op 'n manier op te tree wat vir 'n ander persoon 'n risiko kan inhou, 'n steurnis kan veroorsaak, die persoon kan versteur of kwaad aandoen, of skade aan die strandgebied of -infrastruktuur kan veroorsaak nie;
  - (c) 'n wilde dier, vis of voël te nader, versteur, teister, jag, aan te val of dood te maak sonder 'n toepaslike of geldige permit nie; of
  - (d) 'n mak dier aan te val of dood te maak nie.
- (2) Indien 'n hond op die strandgebied of kusgebied ontlas, moet 'n persoon in beheer van die hond die ontlasting onmiddellik verwyder, dit in 'n sak of omhulsel plaas en in 'n vullisblik weggooi.
- (3) Geen persoon mag 'n hond in die strandgebied bring of met 'n hond daar stap –
  - (a) behalwe aan 'n leiband waar die gebied aangewys is ingevolge artikel 11 as 'n gebied waar 'n hond toegelaat mag word indien aan 'n leiband of wat onder beheer is waar die gebied aangewys is ingevolge artikel 11 as 'n gebied waar 'n hond sonder 'n leiband mag wees nie;
  - (b) wat wild, kwaai of gevaarlik is nie tensy dit op 'n genadige manier genuilband word en ingevolge subartikel 17(3)(a) aan 'n leiband vasgehou word.
- (4) Subartikel (1)(a) en (2) is nie van toepassing op 'n persoon wat deur 'n gidshond van hulp verleen word nie.
- (5) Indien 'n dier aangetref word onder omstandighede wat 'n oortreding van hierdie artikel behels, kan die Stad op die dier beslag lê en dit hanteer op die manier soos voorgeskryf deur die Stad se verordeninge, ongeag of die dier onder beheer van die eienaar of 'n ander persoon is of hom/haar vergesel.

## **HOOFSTUK 5. KUSTOEGANGSGROND EN KUSFASILITEITE (art. 18-20)**

### **18 Kustoegangsgrond**

- (1) Tensy die Stad skriftelike magtiging toestaan, mag geen persoon kustoegangsgrond versper of belemmer of infrastruktuur wat met kustoegangsgrond verband hou, beskadig of skend nie.

## 19 Betreding en gebruik van 'n kusfasiliteit

- (1) In hierdie artikel sluit “**kusfasiliteit**” 'n openbare swembad, pawiljoen, kleedkamer, omheinde gebied, stort, toilet, pad, parkeerarea en bootskuur geleë binne die kussone in.
- (2) Die Stad kan –
  - (a) die tye wanneer 'n kusfasiliteit betree en gebruik mag word, bepaal en deur middel van 'n bord aandui;
  - (b) die getal mense wat 'n kusfasiliteit betree en gebruik, reguleer;
  - (c) toegangsgeld vir die betreding en gebruik van 'n kusfasiliteit bepaal; en
  - (d) betreding en gebruik van 'n kusfasiliteit verbied.
- (3) Enige gemagtigde amptenaar kan –
  - (a) 'n persoon wat 'n steurnis veroorsaak toegang tot 'n kusfasiliteit weier;
  - (b) 'n persoon wat 'n steurnis veroorsaak opdrag gee om die kusfasiliteit onmiddellik te verlaat;
  - (c) 'n persoon wat hierdie artikel oortree, opdrag gee om die kusfasiliteit onmiddellik te verlaat.
- (4) 'n Persoon wat toegangsgeld soos beoog in subartikel 19(2)(c) betaal het, moet enige bewys van betaling soos uitgereik, behou en dit toon indien versoek deur 'n gemagtigde amptenaar.
- (5) Geen persoon mag –
  - (a) 'n kusfasiliteit betree of probeer betree –
    - (i) buiten deur 'n ingangspunt waar 'n ingangspunt aangedui word nie; of
    - (ii) ná 'n bord of gemagtigde amptenaar aandui dat die kusfasiliteit vol is nie;
  - (b) 'n kusfasiliteit betree, probeer betree of daar bly –
    - (i) buite die tye wanneer die fasiliteit gebruik mag word nie; of
    - (ii) indien die Stad sodanige betreding of gebruik verbied het nie;
  - (c) 'n aantreklike of enige akkommodasie wat deur 'n ander persoon beset of in gebruik is, betree of probeer betree sonder die toestemming van die ander persoon nie;
  - (d) 'n kas of sluitkas oopmaak of probeer oopmaak nie tensy gemagtig deur 'n gemagtigde amptenaar of die persoon wat dit gebruik;
  - (e) toegang tot 'n kusfasiliteit belemmer of versper nie.

## 20 Kussluiting

- (1) Die gedelegeerde amptenaar kan toegang tot die strandgebied en kusgebied sluit of beperk indien die amptenaar dit nodig ag in die openbare belang, ook in die geval van werklike of verwagte –
  - (a) besoedeling;
  - (b) gevaarlike seetoestande;
  - (c) uiterste weer;
  - (d) verhoogde haaiaktiwiteit of 'n haai;
  - (e) seediërstranding;
  - (f) hervestiging van 'n dier of plant;
  - (g) broeityd van 'n kuddier;
  - (h) fasilitering van die uitoefening van 'n visvangpermit;
  - (i) stranding of skipbreuk van 'n skip of boot;
  - (j) bergingsoperasie;
  - (k) kusrehabilitasie;
  - (l) konstruksie, herstel of instandhouding;
  - (m) besorgdheid oor openbare gesondheid, veiligheid of welstand; of
  - (n) noodgeval.
- (2) Geen persoon mag 'n gebied wat ingevolge hierdie artikel gesluit of beperk is, betree of daar teenwoordig wees nie tensy hy deur 'n gemagtigde amptenaar gemagtig word.
- (3) 'n Gemagtigde amptenaar kan redelike stappe doen om 'n persoon wat 'n gebied strydig met subartikel (2) betree of daar bly, te verwyder.

**HOOFSTUK 6.**  
**OPENBARE TEWATERLATINGSTERREIN**  
*(art. 21)*

**21 Openbare tewaterlatingsterrein**

- (1) In hierdie artikel beteken “**openbare tewaterlatingsterrein**” ’n terrein wat deur die bevoegde owerheid aangewys is en op die Stad se webwerf gepubliseer is as ’n terrein waar ’n vaartuig in die kussone te water gelaat mag word.
- (2) Geen persoon mag ’n gemotoriseerde vaartuig, met inbegrip van ’n waterponie, in die kussone te water laat nie, tensy –
- (a) die tewaterlating vanaf ’n openbare tewaterlatingsterrein plaasvind;
  - (b) die persoon op versoek aan ’n gemagtigde amptenaar alle sertifikate, lisensies en permitte soos vereis deur die toepaslike wette toon; en
  - (c) die vaartuig –
    - (i) oor die sertifisering, permitte en identifikasie soos vereis deur die wet beskik;
    - (ii) oor al die veiligheidstoerusting soos vereis vir daardie kategorie vaartuig beskik; en
    - (iii) oor ’n smoorskakelaar beskik en die smoorskakelaar gedurende die tewaterlating en die heelyd terwyl op see stewig vas is aan die skipper, tensy die vaartuig ’n enjinvermoë van minder as 15 hp het.
- (3) Geen persoon mag ’n vaartuig op ’n manier of in omstandighede te water laat of bedryf wat skade veroorsaak of ’n risiko inhou vir die kussone of enige persoon nie.
- (4) Indien ’n ander wet van ’n vaartuig vereis om ’n reddingsbaadjie aan boord te hê, mag geen persoon die vaartuig te water laat tensy alle insittendes die voorgeskrewe reddingsbaadjie dra nie.
- (5) ’n Persoon op ’n openbare tewaterlatingsterrein of wat dit betree, met of sonder dat ’n vaartuig bedryf word, moet die dokumentasie soos beoog in subartikel (2) en die vaartuig en die veiligheidstoerusting daarvan beskikbaar stel vir inspeksie deur ’n gemagtigde amptenaar.
- (6) Geen persoon mag by ’n openbare tewaterlatingsterrein –
- (a) die tewaterlatingsterrein versper of belemmer nie behalwe in die mate wat nodig is
    - (i) om die vaartuig te water te laat of uit die water te haal;
    - (ii) in ’n noodgeval; of
    - (iii) onder die leiding van ’n gemagtigde amptenaar;
  - (b) infrastruktuur in verband met die openbare tewaterlatingsterrein beskadig of skend nie;
  - (c) ’n voertuig, vaartuig of sleepwa –
    - (i) oornag parkeer nie; of
    - (ii) iewers anders as in ’n parkeerplek wat vir ’n voertuig, vaartuig of sleepwa afgebaken is, parkeer nie, tensy soos andersins aangewys deur ’n gemagtigde amptenaar;
  - (d) vis skoonmaak behalwe waar ’n visskoonmaakfasiliteit voorsien word, of waar ’n visskoonmaakterrein toegelaat word volgens borde wat deur die Stad opgerig is nie;
  - (e) vis koop of verkoop nie, behalwe waar dit toegelaat word volgens borde wat deur die Stad opgerig is of met die toestemming van ’n gemagtigde amptenaar;
  - (f) visafval, aas en aasverpakking weggooi nie behalwe in geïdentifiseerde gebiede of houers wat vir sodanige afvalwegdoening ontwerp is; of
  - (g) brandstof of olie weggooi of bloed van ’n vaartuig afwas nie.

**HOOFSTUK 7.**  
**TOEPASSING**  
*(art. 22-28)*

**22 Opdrag om te verlaat**

- (1) ’n Gemagtigde amptenaar kan ’n persoon wat hierdie Verordening oortree, opdrag gee om ’n gebied van die kussone te verlaat en daaruit weg te bly.
- (2) ’n Persoon wat versuim om so ’n opdrag onmiddellik na te kom, is skuldig aan ’n oortreding.

**23 Nakomingskennisgewing**

- (1) Die gemagtigde amptenaar kan ’n skriftelike nakomingskennisgewing op ’n persoon bedien indien daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat die persoon hierdie Verordening oortree.

- (2) Die nakomingskennisgewing moet –
- (a) die gedrag beskryf wat 'n oortreding van hierdie Verordening behels;
  - (b) aandui watter bepaling van hierdie Verordening of goedkeuringsvereiste oortree word;
  - (c) waar toepaslik, aangee dat die onwettige gedrag 'n oortreding behels en die straf aandui;
  - (d) waar toepaslik, saam met 'n boete uitgereik word;
  - (e) die persoon opdrag gee om die onwettige gedrag te staak;
  - (f) waar toepaslik, voorwaardes instel waaraan voldoen moet word en die stappe spesifiseer wat gedoen moet word om nakoming te verseker;
  - (g) aangee dat versuim om die kennisgewing na te kom, 'n oortreding behels en die straf aandui; en
  - (h) aangee dat, in geval van nienakoming van die kennisgewing, die Stad een of meer van die volgende maatreëls kan tref –
    - (i) om die persoon 'n boete op te lê vir die nienakoming van die nakomingskennisgewing;
    - (ii) om stappe te doen om enige nadelige uitwerking as gevolg van die persoon se dade reg te stel en die koste van sodanige persoon te verhaal;
    - (iii) om by 'n bevoegde hof aansoek te doen om gepaste vergoeding met inbegrip van die koste van die aansoek; of
    - (iv) om 'n strafregtelike vervolging in te stel.
- (3) Die nakomingskennisgewing kan –
- (a) die persoon opdrag gee om binne 'n spesifieke tyd die Stad skriftelik in kennis te stel watter stappe gedoen is om die kennisgewing na te kom;
  - (b) 'n persoon opdrag gee om op sy/haar eie koste spesifieke handeling te verrig tot die bevrediging van die Stad binne 'n spesifieke tyd om –
    - (i) 'n aktiwiteit of 'n aktiwiteit wat 'n nadelige uitwerking op die kussone, oorskryding of ongemagtigde kusverdedigingswerke veroorsaak, dit voortsit of daartoe bydra, te staak, te wysig of te beheer;
    - (ii) die impak van 'n spesifieke situasie of aktiwiteit te ondersoek, te evalueer en te assesser en daarvoor verslag te lewer;
    - (iii) spesifieke maatreëls te onderneem en te voltooi;
    - (iv) 'n oorskryding of ongemagtigde kusverdedigingswerke te elimineer of teverwyder;
    - (v) die aangetaste omgewing te rehabiliteer; of
    - (vi) enige kombinasie van die bepalings soos gelys in paragraaf (i) tot (v).
- (4) Indien die persoon op wie 'n nakomingskennisgewing ingevolge subartikel (3) of magtiging ingevolge artikel 10(3) bedien is, die nakomingskennisgewing of magtiging nie nakom nie, of op onvoldoende wyse nakom, kan die Stad maatreëls tref wat die Stad as toepaslik ag om die situasie reg te stel en kan 'n ander persoon gemagtig word om sodanige maatreëls te tref.
- (5) Die Stad kan koste vir die Stad, of 'n gemagtigde persoon, verhaal sodat die maatreëls ingevolge subartikel (4) onderneem kan word, en alle koste wat aangegaan word as gevolg van optrede ingevolge subartikel (4), van enige of al die persone op wie die nakomingskennisgewing of magtiging bedien is ingevolge die Stad se beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering en die Verordening op Kredietbeheer en Skuldinvordering.

## **24 Goedkeuringsvoorwaardes**

- (1) Wanneer die Stad 'n magtiging ingevolge hierdie Verordening toestaan, kan dit redelike voorwaardes oplê.
- (2) Geen persoon mag 'n goedkeuringsvoorwaarde oortree nie.

## **25 Terugtrekking of wysiging van 'n magtiging of goedkeuringsvoorwaarde**

- (1) Die Stad kan 'n magtiging of 'n goedkeuringsvoorwaarde skriftelik terugtrek of wysig.
- (2) Voor 'n magtiging of 'n goedkeuringsvoorwaarde teruggetrek of gewysig word, moet die Stad vooraf skriftelik kennis gee aan enige persoon wat wesenlik en nadelig geraak sal word en die persoon 'n redelike geleentheid gee om skriftelike verhoë te rig.
- (3) Indien dringende optrede nodig is of indien dit onprakties sou wees om vooraf kennis te gee, kan die Stad 'n magtiging of goedkeuringsvoorwaarde terugtrek of wysig en 'n persoon wat wesenlik en nadelig geraak sal word die geleentheid gee om verhoë te rig so gou daarna as wat redelik is.

## 26 Bevoegdhede en funksies van gemagtigde amptenare

(1) In hierdie artikel, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken “**artikel**” enigiets, ook ’n struktuur, voorwerp, dokument, boek, verslag of elektroniese inligting of uittreksel, deel of voorbeeld daaruit wat redelik vermoed kan word betreffende die gebruik daarvan in die oortreding van hierdie Verordening.

(2) ’n Gemagtigde amptenaar kan sonder ’n lasbrief enige vaartuig, voertuig, perseel of persoon, stop, betree of deursoek indien die gemagtigde amptenaar oor redelike grond beskik om te vermoed dat ’n oortreding ingevolge hierdie Verordening op of in sodanige vaartuig, voertuig of perseel gepleeg word of gepleeg is indien

(a) die persoon in beheer van die vaartuig, voertuig of perseel instem tot sodanige stop, betreding, deursoeking of beslaglegging; of

(b) die gemagtigde amptenaar oor redelike gronde beskik om te vermoed dat ’n lasbrief uitgereik sal word, indien die gemagtigde amptenaar daarom aansoek sou doen, en die vertraging wat deur die verkryging van sodanige lasbrief veroorsaak sal word, die bedoeling van die stop, betreding, deursoeking of beslaglegging sou verydel.

(3) Indien subartikel (2) nie van toepassing is nie, kan ’n gemagtigde amptenaar enige voertuig, vaartuig, perseel of persoon stop, betree en deursoek en beslag lê op ’n artikel soos beoog in subartikel (5)(h) slegs op gesag van ’n lasbrief.

(4) ’n Regter op kamerhof kan ’n lasbrief soos beoog in subartikel (3) uitreik op skriftelike aansoek deur ’n gemagtigde amptenaar indien dit uit inligting onder eed of verklaring blyk dat –

(a) daar redelike gronde is om te vermoed dat ’n oortreding van hierdie Verordening plaasgevind het;

(b) die deursoeking en beslaglegging waarskynlik inligting in verband met die oortreding sal oplewer; en

(c) die deursoeking en beslaglegging redelikerwys nodig is vir die doel van hierdie Verordening.

(5) Wanneer ’n gemagtigde amptenaar nakoming van hierdie Verordening toepas of ondersoek, kan hy –

(a) vergesel word deur ’n tolk, ’n polisiebeampte of enige ander persoon wat met die inspeksie kan help;

(b) enige artikel inspekteer wat met die ondersoek verband hou;

(c) ’n artikel ondersoek, ontleed, meet of ’n kopie daarvan maak en dit verwyder vir ondersoek, ontleding, meting, kopiëring of onttrekking;

(d) van ’n persoon vereis om ’n artikel vir ondersoek te vertoon of af te lewer op sodanige tyd en plek soos deur die gemagtigde amptenaar bepaal kan word;

(e) ’n foto neem of ’n oudiovisuele opname van enige persoon of enigiets maak vir sy of haar ondersoek;

(f) ’n persoon ondervra wat, na die mening van die gemagtigde amptenaar, moontlik in staat is om inligting oor ’n saak waarmee hierdie Verordening verband hou, te voorsien;

(g) ’n persoon opdrag gee om voor hom of haar te verskyn op sodanige tyd en plek soos deur die gemagtigde amptenaar bepaal kan word en sodanige persoon ondervra, hetsy alleen of in die teenwoordigheid van enige ander persoon, oor ’n saak waarmee hierdie Verordening verband hou; en

(h) beslag lê op ’n artikel –

(i) wat betrokke is by of op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by ’n oortreding ingevolge hierdie Verordening;

(ii) wat bewys kan lewer van ’n oortreding ingevolge hierdie Verordening; of

(iii) wat ten doel het om gebruik te word of wat op redelike gronde vermoed word ten doel het om gebruik te word in ’n oortreding ingevolge hierdie Verordening.

(6) ’n Persoon wat dit versoek, kan, indien moontlik, ’n kopie maak van ’n artikel wat verwyder moet word of waarop beslag gelê moet word ingevolge hierdie artikel.

(7) Wanneer ’n gemagtigde amptenaar ’n artikel verwyder of daarop beslag lê, moet die gemagtigde amptenaar ’n kwitansie aan die eienaar of persoon in beheer daarvan uitreik, en, indien moontlik, die artikel so gou prakties moontlik terugbesorg nadat die doel waarvoor die artikel verwyder of waarvoor daarop beslag gelê is, bereik is.

(8) 'n Gemagtigde amptenaar moet sy/haar bevoegdhede en funksies uitvoer met streng inagneming van fatsoenlikheid en orde, en met inagneming van elke persoon se reg op waardigheid, vryheid, sekuriteit en privaatheid.

## **27 Beslaglegging op 'n vaartuig of 'n voertuig**

(1) 'n Gemagtigde amptenaar kan, sonder 'n lasbrief, beslag lê op 'n vaartuig of voertuig wat betrokke is en wat op redelike gronde vermoed word dat dit betrokke is by die begaan van 'n oortreding ingevolge hierdie Verordening.

(2) Die gemagtigde amptenaar moet 'n kennisgewing gee aan die houer van die vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is, op die tyd van die beslaglegging, waarin uiteengesit word –

- (a) die rede vir die beslaglegging;
- (b) 'n beskrywing van die vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is;
- (c) die adres en kontakbesonderhede van die skut;
- (d) die beslagleggingsgeld; en
- (e) 'n waarskuwing dat die vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is, verkoop kan word om die beslagleggingsgeld en enige boete, koste of skade te verhaal.

(3) Die gemagtigde amptenaar moet sorg dat 'n vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is na 'n aangewese skut geneem word waar dit gehou moet word en ingevolge hierdie artikel hanteer moet word.

(4) Die Stad moet die vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is aan die eienaar vrystel by aanbidding van bewys van eienskapskap indien met betrekking tot die oortreding beoog in subartikel

- (a) 'n kriminele klag nie gelê word nie, 'n boete nie opgelê word of 'n kennisgewing van voorneme om te vervolg nie binne 72 uur ná die beslaglegging uitgereik word nie; of
- (b) die kriminele saak teen alle aangeklaagde persone afgewys word omdat –
  - (i) die klagte teruggetrek word;
  - (ii) die aangeklaagde persone vrygespreek word; of
  - (iii) die aangeklaagde persone skuldig bevind word en of die beslagleggingsgeld en enige boete, koste en skadevergoeding betaal word.

(5) 'n Vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is, word ten gunste van die Stad verbeur indien

- (a) 'n hof sodanige verbeurdverklaring beveel; of
- (b) die wettige eienaar van die vaartuig of voertuig nie binne 90 dae van sodanige beslaglegging opgespoor kan word nie ná redelike pogings om die eienaar op te spoor onsuksesvol was.

(6) Indien enige betaling soos beoog in subartikel (4)(b)(iii) nie gemaak word binne sodanige tyd as wat die Stad bepaal het nie, en indien geen appèl aangeteken is teen die verstryking van die tydgrens vir 'n appèl nie, kan die Stad 'n vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is, verkoop, skenk, vernietig of op enige ander manier daarvan ontslae raak ooreenkomstig subartikel (7).

(7) Enige netto opbrengs uit die verkoop van 'n vaartuig of voertuig waarop beslag gelê is, moet soos volg en in hierdie volgorde aangewend word:

- (a) die verhaal van enige koste wat gedurende verbeuring en beslaglegging deur die Stad aangegaan is;
- (b) die betaling van die beslagleggingsgeld, en enige boete, koste of skadevergoeding wat deur 'n hof beveel word met betrekking tot 'n oortreding soos beoog in subartikel (1); en
- (c) terugbesorging aan die persoon wat die vaartuig of voertuig regmatig besit het ten tyde van die beslaglegging.

(8) Die Stad kan beslagleggingsgeld bepaal en 'n skut soos beoog in hierdie artikel aanwys.

## **28 Oortredings en strafmaatreëls**

(1) 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien die persoon –

- (a) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree;
- (b) enige voorwaardes, beperkings of verbodsbepalings soos opgelê ingevolge hierdie Verordening oortree;
- (c) versuim om die bepaling van enige kennisgewing of bord soos vertoon deur die Stad ingevolge hierdie Verordening na te kom;
- (d) 'n wettige opdrag oortree soos gegee deur 'n gemagtigde amptenaar ingevolge hierdie Verordening;

- (e) 'n gemagtigde amptenaar dreig, belemmer, hinder of beledigende taal gebruik teenoor daardie amptenaar of 'n persoon wat die gemagtigde amptenaar wettiglik vergesel in die uitvoering van 'n mag wat ingevolge hierdie Verordening opgelê is;
  - (f) wanneer versoek word deur 'n gemagtigde amptenaar om inligting te voorsien, dan vals of misleidende inligting voorsien;
  - (g) hom- of haarself valslik voordoen as 'n gemagtigde amptenaar of 'n persoon wat gemagtig is om ingevolge hierdie Verordening namens die Stad op te tree.
- (2) 'n Persoon wat skuldig is aan 'n oortreding ingevolge hierdie Verordening is onderhewig aan 'n boete en by skuldigbevinding aan gevangenisstraf van hoogstens twee jaar.
- (3) Benewens oplegging van 'n boete of gevangenisstraf kan 'n hof enige persoon wat aan 'n oortreding ingevolge hierdie Verordening skuldig bevind word, gelas –
- (a) om die skade wat veroorsaak is, reg te stel;
  - (b) om 'n vaartuig of voertuig waarop ingevolge artikel 27 beslag gelê is ten gunste van die Stad te verbeur;
  - (c) om die koste te betaal wat as gevolg van die oortreding deur die Stad aangegaan is; en
  - (d) om skadevergoeding te betaal vir skade wat aan 'n ander persoon of eiendom binne die kussone veroorsaak is, welke bevel die gesag en regsgeeldigheid van 'n siviele uitspraak sal hê.

## **HOOFSTUK 8.**

### **ALGEMEEN**

*(art. 29-34)*

#### **29 Appèlle**

'n Persoon wie se regte aangetas word deur 'n besluit wat ingevolge hierdie Verordening geneem is, kan teen daardie besluit appèl aanteken ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), deur binne 21 dae van die kennisgewing van die besluit skriftelike kennisgewing van die appèl en redes daarvoor by die munisipale bestuurder in te dien.

#### **30 Delegasie**

'n Funksie, bevoegdheid of plig soos aan die Stad opgelê ingevolge hierdie Verordening kan aan 'n werknemer van die Stad gedelegeer of gesubdelegeer word ooreenkomstig die delegasiestelsel wat aangeneem is deur die Munisipale Raad ooreenkomstig artikel 59 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

#### **31 Vrystelling**

- (1) Die Stad kan –
- (a) skriftelik 'n persoon, groep persone of 'n gebied van die kussone vir 'n bepaalde tydperk vrystel van die toepassing van 'n bepaling van of die totale Verordening;
  - (b) voorwaardes oplê wanneer 'n vrystelling toegestaan word; en
  - (c) die vrystelling terugtrek of wysig.
- (2) Waar vrystelling aan 'n persoon of groep persone toegestaan is, moet bewys van vrystelling te alle tye by die persoon gehou word terwyl hy/sy in die kussone is.
- (3) Die Stad moet op sy webwerf 'n vrystelling publiseer wat op 'n gebied van die kussone van toepassing is.

#### **32 Vrywaring**

Die Stad en gemagtigde amptenare is nie aanspreeklik vir enige verlies wat gely word deur of skade wat veroorsaak word vir 'n persoon deur 'n handeling of versuim te goeder trou wat met die uitoefening van 'n plig ingevolge hierdie Verordening verband hou nie, tensy growwe nalatigheid kan bewys word.



### **33 Oorgangsbepalings**

(1) 'n Verbod, opdrag, toestemming, bepaling, voorwaarde of bord ingevolge regulasies ingevolge art. 10(1) van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), soos van toepassing op die kussone van die Stad en soos bestaan by die inwerkingtreding van hierdie Verordening, word geag ingevolge hierdie Verordening te wees.

(2) Behoudens wysiging ingevolge artikel 21(1), word 'n terrein wat as 'n openbare tewaterlatingsterrein gelys word ingevolge regulasie 2 van die regulasies oor die bestuur van openbare tewaterlatingsterreine in die kussone soos gepubliseer ingevolge die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur beskou as 'n openbare tewaterlatingsterrein soos beoog in artikel 21(1).

### **34 Herroeping**

Die volgende regulasies wat ingevolge die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), gemaak is, word hiermee herroep:

(a) Gordonsbaai: Strandregulasies, 1991, gepubliseer ingevolge Raadskennisgewing 68 van 1991 in die Wes-Kaapse Provinsiale Koerant 13239 van 1991; en

(b) Kaapstad-munisipaliteit: Strandregulasies, 1994, gepubliseer ingevolge Raadskennisgewing 38 van 1994 in die Wes-Kaapse Provinsiale Koerant 15636 van 22 April 1994.

### **35 Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie Verordening staan bekend as die Stad Kaapstad: Kusverordening, 2020

**ISIXEKO SASEKAPA  
UMTHETHO KAMASIPALA WAMANXWEME, 2020**

Ukubonelela ngemiqathango yokulawula nokukhusela iizowuni ezikumaxweme; ukukhusela indalo esingqongileyo yeezowuni ezikumaxweme; ukulawula ukufikelela koluntu kummandla okunxweme lolwandle; ukulawula nokwenza imigaqo emalunga nokungena koluntu kwiilwandle nakwimimandla ekufutshane neelwandle; nokubonelela ngemiba ehambelana naleyo.

**IMBULAMBETHE**

**NANGONA** icandelo 156(1) loMgaqosiseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996 linika umasipala igunya lokulawula (a) imicimbi yorhulumente wemimandla echazwe kwiSiqendu B seShedyuli 4 neSiqendu B seShedyuli 5 yoMgaqosiseko; (b) kunye nawuphi na omnye umba abanikwe igunya lokuwusingatha ngokomthetho wesizwe nowephondo;

